

Gereformeerde Kerk Bellville – 24 Julie 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 44:1, 7 (p. 224)

- 1 O God, het ons nie met ons oor nie / en van ons vaders dit gehoor nie –
het ons dit nie van hul verstaan, / die werk deur U van ouds gedaan?
Hoe U die nasies met u hand / verdryf het en hul uitgeroei het,
terwyl u volk, deur U geplant, / hier welig deur u seen gebloei het!
- 7 Geen afgod het ons hart bekoor nie, / ons voet ook nie u pad verloor nie;
tog kwyn ons in 'n woeste plek / waar diepe donker ons oordek.
Het ons Gods Naam dan ooit vergeet? / Tot afgodsdien ons ooit begewe?
Sou God, wat harte ken, nie weet / en speur wat binne-in ons lewe?

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1, 2 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 2 Die konings van die heidendom / het met hul leërs aangekom,
die aanvalsmag wat hul gekeur het. / Maar nou? Hul weet nie wat gebeur het –
plots kom oor hul verbasing, / verskrikking en verdwasing.
Die helde deins verward terug, / 'n oomblik – en hul 't weggevlug!
En Sion, rotsburg van die HEER, / blink in sy oue glorie weer.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 116:7, 8, 10 (p. 570)

- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Gebed

Psalm 46:1, 6 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 6 Hou op, en weet: Ek is die Heer! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die Heer sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Skriflesing: Jeremia 29:1-7; Daniël 1:1-21

Kernverse: Daniël 1:8-9

Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie. God het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek gestem teenoor Daniël. (Daniël 1:8-9 AFR83)

Tema: Jou vaste voorneme om aan jou God getrou te bly

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens jonk is, is veranderings lekker. Vir 'n jongmens moet die dinge nie lank dieselfde bly nie. Daar moet eerder iets anders wees, iets nuuts. Ons almal het so geredeneer soos die jongmense vandag. As jy in die laerskool is, kan jy nie wag dat jou hoërskooljare moet begin nie. En as jy in die hoërskool is, kan jy nie wag dat die grootmensewêreld vir jou oopgaan nie. Verandering is inderdaad lekker, as jy jonk is. Ouer mense is egter nie so gemaklik met veranderings nie, daarom hoor 'n mens ouer mense praat graag van die goeie ou dae.

In ons eie land het ons die afgelope twee dekades geweldig baie veranderings beleef. Partykeer gebeur die veranderings so vinnig dat 'n mens met alle mag die dinge net so 'n bietjie wil rem, want dit voel of dinge buite beheer raak. Te veel en te vinnig verander alles.

As gelowige kinders van die lewende God weet ons immers dat God die ganse skepping bestuur. Daarom is ons oortuig dat ook hierdie baie en groot veranderings nie vir Hom 'n verrassing is nie, want Hy laat dit immers gebeur. Die ongeluk is egter dat die Here nie alleen aan die werk is in hierdie wêreld nie. Die Satan neem ook sy kans waar om die veranderings uit te buit. Waar die Here die veranderings laat plaasvind om sy skepping tot die voleinding te bring en die wêreld te bestuur na die wederkoms van Christus toe, span die Satan alles in om 'n stok in die wiel te steek. Hy wil alles verongeluk in 'n angstige poging om die wederkoms uit te stel, want Hy weet as Christus terugkom, is sy dae finaal getel. Maar hy wil ook die Here se bestuur van die wêreldgeskiedenis verongeluk deur die kerk en gelowiges te laat verongeluk. Satan doen alles in sy vermoë om gelowiges afvallig te maak van die Here en so te keer dat die koninkryk van God al meer en meer sigbaar word in die wêreld.

Broers, susters en kinders, ons sien soortgelyke dinge gebeur in die dae toe Daniël geleef het. Vir eeue lank het die Here sy profete gestuur om sy volk te waarsku teen hulle sondes. Soms het die koning en die volk geluister en hulle bekeer, maar die meeste van die konings in Jerusalem het hulle doodeenvoudig nie gesteur aan die Here se waarskuwings nie. Einde ten laaste het die Here opgehou om te waarsku en sy volk getugtig. Die sweep waarmee Hy sy volk getugtig het, was koning Nebukadnesar van Babilonië.

Ons moet die woorde mooi hoor. Die Here tugtig sy volk oor hulle aanhoudende ongehoorsaamheid. Met tug wil die Here regmaak wat verkeerd gegaan het. Dit wat uit lit geraak het, moet herstel word. Die ballingskap was nie bedoel om die Joodse volk te vernietig nie maar om hulle te suiwer van hulle sondes. Die Verlosser van die wêreld moet immers uit die Jode gebore word, het die Here besluit. Daarom hoor ons dat die Here vir koning Jojakim van Jerusalem en 'n gedeelte van die tempelgereedskap in die heidense Nebukadnesar se mag oorgegee het. Die Here het 'n geweldige omwenteling in die Joodse volk se lewe teweeggebring. Van mense wat vry was en hulleself geregeer het, het alles so verander dat hulle nou gevangenes was van 'n heidense volk. Uit hulle eie land word hulle gewelddadig weggevoer om duisende kilometers ver in Babilonië te gaan bly.

Natuurlik het die Satan nie maar net op die kantlyn gestaan en toekyk wat gebeur nie. Satan het Nebukadnesar aangehits en sy sondige motiewe gebruik. Nebukadnesar wou uit sy heerssugtige geaardheid koning van die hele wêreld word. Daarom het hy die een volk na die ander oorwin en aan hom onderwerp. Satan het hierin 'n gulde geleentheid gesien om 'n dik stok in die wiel te steek. As Nebukadnesar die Joodse volk oorweldig en die jongmanne, die toekomstige leiers van Jerusalem, kan laat afsien van die Here, sal dit nie lank wees nie of die hele ou Joodse volkie met hulle snaakse maniertjies om die Here te dien is daarmee heen. En as die Joodse volkie hulle Here opgegee het en wêreldse mense geword het, kan die Verlosser mos nie gebore word nie en sal die Satan se kop mos nie vermorsel word nie.

Die Satan is uitgeslape in sy beplanning. Nebukadnesar wou graag 'n baie goed geordende koninkryk hê wat effektief bestuur word. Daarom bring hy die beste van die jongmanne wat hy uit al die lande en stede – onder andere ook uit Jerusalem – weggevoer het bymekaar in sy paleis. Hulle moet staatsamptenare word van Babilonië. Daarom moet hulle vir drie jaar onderrig word in die Galdeërs se taal en skrif. Om die onderrig aantreklik te maak, bepaal hy dat hulle dieselfde kos en wyn as hy sal geniet en na die drie jaar het hulle werk by die koning. Die aanbod was so aantreklik dat baie min mense dit sommer van die hand sou wys.

Aspenas het hierdie aanbod ook aan Daniël en sy drie vriende gemaak. Daniël-hulle was óf uit die koninklike geslag óf uit die geslag van die vername mense. In vandag se taal sal ons sê Daniël-hulle was rykmanskinders. Nebukadnesar het presies geweet dat jong seuns, want dit is wat Daniël-hulle maar was – seuns van 14 of 15 jaar oud wat gewoon was aan 'n rykmanslewe – so 'n bepaling om van die koning se kos te eet sou verwelkom.

'n Mens kan nou op een van drie maniere op hierdie bepaling reageer. Jy kan besluit om hierdie bepaling met ope arms te verwelkom, want dit hou vir jou 'n klomp voordele in. Jy hoef nie slawewerk te doen nie. Jy hoef jou nie een dag oor kos te bekommer nie, want die koning sorg vir jou. Daarby leer jy nog op sy koste. En in elk geval, wat sal dit help om teen die stroom op te probeer swem. Laat 'n mens nou maar deel word van die nuwe verande-rings. Daar is mos nie 'n vooruitsig om eers voor sewentig jaar terug te gaan Jerusalem toe nie en wie weet of jy dan nog sal lewe. So, vergeet maar van Jerusalem en doen mee aan alles. Jou ouers is ook mos nie meer by jou om jou te keer nie.

Of 'n mens kan besluit, kom wat wil, dat dit die dag sal wees om deel te word van hierdie heidense spulletjie. Jy kom eerder in opstand as om vir die vyand in sy regering te werk. Nebukadnesar kan jou maar eerder doodmaak of in die tronk gooi as wat jy 'n staatsamptenaar van hom gaan word. Jy is immers 'n Jood en jy dien die enigste lewende God, daarom sal jy nie tot enige voordeel van die Babiloniërs wil wees nie.

Die derde keuse is die een wat Daniël en sy vriende gemaak het. Hulle het Nebukadnesar se aanbod aanvaar, nie omdat dit so aantreklik was nie, maar oor wat die Here deur Jeremia vir hulle gesê het:

Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange.

(Jeremia 29:7 AFR83).

'n Mens kan nie maar altyd in opstand bly en teen veranderings skop en rem nie. 'n Mens kan nie lewe en doen soos honderd jaar gelede nie. 'n Gelowige kind van die Here wat net doen soos wat dit in die verlede gedoen is, sal nie meer 'n effektiewe getuie van die Here kan wees nie. Daniël-hulle het – gehoorsaam aan die Here – hulle aan die koning se

aanbod onderwerp sodat hulle effektiewe getuies van die Here kon bly ook in die heidense stad.

Daniël en sy vriende het hardop ja gesê vir die aanbod, want Babilonië se belange is ook hulle belange, sê die Here. Maar vir die aanloklikheid van die bepaling – die lekker kos en wyn van die koning – het Daniël-hulle baie duidelik nee gesê. Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie. Daniël het die Here geken en in Hom geglo. Die Here is immers besig om vir Daniël en sy vriende hier in die ballingskap van hulle sondes te suiwer – hulle ook te suiwer van die afgodery waarmee hulle families besig was in Jerusalem. Daarom kan hulle nie van die koning se kos en wyn geniet nie, want 'n deel van hierdie kos en wyn is as offer aan Nebukadnesar se afgode geoffer. As Daniël-hulle van die kos sou eet, sou hulle daarmee te kenne gee dat hulle onvoorwaardelik ook deel het aan die afgodsdienste van Babilonië.

Deur die kragtige werk van die Heilige Gees in hierdie vier jong seuns het Daniël-hulle besef dat die aanloklikheid van Nebukadnesar se bepaling 'n toets van die Here is. Sal hierdie jong seuns die verleiding van die wêreld kan weerstaan, hulle geloof in die Here behou en aan Hom getrou bly? Dit gaan immers nie oor Daniël-hulle self nie. Ten diepste gaan dit oor die Here en sy koninkryk van lig wat deur die Satan uitgedoof wil word.

Geliefdes, die Here vat nie alle versoekings in die wêreld van ons af weg nie. Hy kan dit doen, Hy kan maak dat daar nooit 'n versoeking op ons pad kom nie, maar Hy wil nie dit so doen nie. Hy behandel ons ook nie soos stokke en blokke nie. Hy bring ons nie in 'n toestand waar ons niks vir onself kan besluit nie behalwe om outomaties soos 'n robot net te doen wat Hy wil hê ons moet doen nie. Maar wat die Here wel doen, is om ons toe te rus vir elke tree wat ons in die lewe gaan gee en vir elke stroomversnelling van verandering waarin Hy ons gaan bring.

Daniël en sy vriende is toegerus met kennis van die Here. Hulle het God geken, want hulle het sy Woord geken. Hulle het ook geweet dat hulle op hierdie Here kan vertrou, want kyk net wat het Hy in die verlede alles al gesê en dit het so gebeur. Daarby het die Here Daniël en sy vriende as 'n klein geloofsgemeenskappie vir mekaar gegee. Deur saam die Woord van die Here te oordink, saam te bid en na mekaar om te sien is hulle deur die Here toegerus vir hierdie toets.

Die Here wil immers hê dat ons Hom vrywillig sal dien en liefhê. Daniël het hom voorgeneem om die Here alleen te dien, ook wanneer dit kom by klein dingetjies soos kos en wyn. Daarom het hy gevra dat daar net groente en water vir hulle gegee sal word. Daniël het nie op 'n eetstaking gegaan nie. Hy het nie die koning gevloek nie. Hy het nie sy vyande verwens nie. Met goeie maniere het hy en sy vriende versoek om eerder groente en water te eet en te drink.

En die Here het Daniël-hulle se voorneme geseën. Hy het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek teenoor Daniël gestem. Daniël-hulle het net groente en water gekry. Die Here het hierdie eenvoudige etes geseën sodat Daniël-hulle na net tien dae baie beter gelyk het as enige van die ander jong seuns wat van die koning se kos en wyn geniet het. Die Here het Daniël-hulle met wysheid en insig geseën sodat hulle na die drie jaar tien maal beter as al die voorspellers en towenaars in Nebukadnesar se koninkryk was. Daniël en sy vriende se eenvoudige voorneme oor kos was 'n klein besluitjie in hulle enigheid, maar dit was

'n besluit om aan die Here getrou te bly. Hierdie eenvoudige besluit was maar 'n enkele kersliggie in 'n wêreld wat deur duisternis oorweldig word. Maar die Here het hierdie kers-

liggie gebruik om die duisternis terug te druk sodat die groot lig van die wêreld kon kom. Dit is immers uit die koninklike geslag van Jerusalem wat Jesus Christus, die groot Lig van God, gebore is.

Geliefde broer, suster en kind, ons bevind ons vandag in soortgelyke omstandighede. Veranderinge het met rasse skrede plaasgevind. Ons kan nie meer soos honderd jaar gelede lewe en doen nie. Intendeel, ons is deel van die veranderinge. As gelowige kinders van God weet ons steeds dat die Here hierdie veranderinge bestuur sodat sy groot Lig, Jesus Christus, finaal kan deurbreek in hierdie wêreld wat verswelg word deur die duisternis van die Satan. Wanneer Jesus Christus gaan terugkom om die duisternis vir altyd van die aarde af weg te neem en die aarde nuut gaan maak, weet ons nie. Ons weet net dat dit sal gebeur, want God sê so.

Aangesien ons kinders van God is, is ons in sy diens ook te midde van die veranderende wêreld waarin ons lewe. Maar die Here het ons ook toegerus vir hierdie veranderinge. Ons het die Here leer ken uit sy Woord. Ons het die trou en liefde van God leer ken in Christus Jesus. Hy het ons losgekoop uit die mag van die Satan en die sonde. Hy het sy Heilige Gees aan ons gegee. Hy het ons saamgebring in 'n geloofsgemeenskap – groot of klein, maak nie saak nie. Hy het ons leer bid.

Die veranderinge wat plaasvind, is nie bedoel om ons te vernietig nie maar om ons gereed te kry vir die wederkoms van Jesus. Ons kan ja sê vir die roeping wat die Here op ons plaas. Ons kan kinders wees van die almagtige God in hierdie wêreld. En met die toerusting wat ons ontvang het en steeds ontvang, kan ons nee sê vir die verleidings wat God se koninkryk in ons lewens en in die land wil verdring. In plaas daarvan dat ons soos papperds maar toegee aan die omstandighede wat ons ronddruk en -stoot, kom ons dra ons verantwoordelikeheid en beweeg ons omstandighede en omgewing so dat die lig van God se koninkryk kan skyn. In plaas daarvan dat ons toelaat dat die mense rondom ons ons lewensrigting bepaal, kom ons dra die verantwoordelikheid om na die Here se stem te luister na waarheen Hy ons lewens wil lei. In plaas daarvan dat ander mense vir ons beplan en besluit, kom ons doen self die beplanning en maak self die besluite wat tot eer van die Here is.

Ons sal ondervind dat ons besluite nie noodwendig 'n aardskuddende effek in ons huisgesin, ons vriendekring, by die skool of die werk gaan hê nie. Maar Daniël het ook nie sy vaste voorneme gehad om Nebukadnesar te onttroon nie. Hy het dit gedoen om aan die Here getrou te bly. Die Here het self later vir Nebukadnesar onttroon. Kom ons neem ons besluite omdat ons die Here dien met ons hele hart, siel en verstand. God sal self die Satan in ons eie lewens, in ons huisgesin, by die werk of skool onttroon. Dan breek die heerlike koningsheerskappy van Christus nou al vir ons deur.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 12-2:1, 4 (27:1, 4)

- 1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou,
Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou.
Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer:
Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.

- 4 Ek geloof, met stille aanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my
in my sondedood gewek het, / my as Trooster leer en lei.
Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 128:1, 4 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 Julie 2016